### *Elohim se Wet maak mense uit mense-masjiene*

**27** Ek sê vir jou: "Gedurende die tyd dat die Judese volk regeer is deur rigters, wat slegs die wette van Elohim gehandhaaf het, het dit hulle ook aan die lewe gehou en hulle laat handel en wandel, op `n paar merkwaardige gewoontes na, volledig binne Elohim se orde. Maar toe daar later `n geleentheid kom om die glans van die konings van die heidene te sien, hoe dié in groot, pragtige paleise gewoon het, en hoe die volke vir hulle tot in die stof gebuig het, beveel die blinde sotte uit die Judese volk wel, en eis hulle, omdat hulle hulleself as die magtigste volk op die aarde beskou het, van Elohim ook `n koning. Maar Elohim wou nie dadelik aan die dom eis van die volk voldoen nie en waarsku daarteen en toon aan hulle al die kwade gevolge wat hulle onder `n koning te wagte sou wees! Elohim se profete predik egter vir dowemansore; dit help niks, die volk wou tot elke prys `n koning hê!

[2] En Elohim gee aan die volk vir Saul as eerste koning en laat hom salf deur die ou troue kneg Samuel. Vanaf die oomblik dat die volk `n koning gekry het, word daar dadelik swaar, drukkende wette aan hulle opgelê en sak hulle steeds meer af - tot op die teenswoordige toestand van uiterste verdorwenheid.

[3] Wat is nou belangrik hieruit? · Wel, dit kan gesien word dat die ondeugdelike wette wat van die mens self afkomstig is, waar hulle geen kennis gehad het van hul eie aard en nog minder van die aard van hul medemense nie, en met hul onbeholpe en slegs op die spesifieke eiebelang gerigte wette, **het hulle die innerlike sielelewe geheel en al ten gronde geoordeel!**

[4] Oordeel nou self, en dink goed daaroor na: Gestel dat daar êrens `n meganiese kunswerk sou bestaan, waar dit gedurende `n lang tyd goed gewerk het en beantwoord het aan die wil van die meester, maar uiteindelik tog gaan staan, omdat dit of dat, of een of ander onderdeel gebreek het. En gestel dat daar dan `n opgeblase en verwaande mens sou kom wat aan die eienaar van die masjien sou sê: 'Gee die kunswerk maar aan my, ek sal dit herstel!', en die eienaar sou dit doen met die veronderstelling dat die grootprater kundig is in sulke dinge - wat sal daar dan, as die leek met sy baie ondeskundige hande aan die kunswerk peuter, binne `n kort tydjie met die masjien gebeur? Sou hierdie geheel en al van alle kennis van meganika gespeende leek slegs daarop uit wees om die blinde eienaar van die masjien van `n paar goudstukke te ontrafel, nie die masjien meer skaad as van nut wees nie? Of sal hy uiteindelik nie die hele masjien so verwoes dat selfs die werklike meester, die bouer van die masjien, hierdie masjien nouliks weer sal kan herstel nie?

[5] As daar by `n eenvoudige, growwe masjien, met sigbare onderdele, wat maklik getel, oorsien, saamgestel kan word, en met die hande aangeraak kan word, dit nou sondermeer kan gebeur wanneer `n dom leek dit wil herstel, hoeveel te meer sal die mens dan bederf word as `n onkundige en dom, selfsugtige wetgewer hom deur growwe en ondoelmatige wette wil probeer verbeter! Die mens is tog in al sy dele `n baie wyse en kunstig gevormde lewensmasjien, waarvan slegs Elohim al die kennis het van die onderlinge samewerking van al die dele; terwyl die wetgewer nie eers die geringste kennis besit om eers vir `n duisendste deel te besef wat alles nodig is **om slegs `n haar op die hoof van `n mens te laat groei nie!**

[6] Beste vriend Cyrenius, los daarom jou voorgestelde honderd voorskrifte maar liewer tuis; want daarmee sou jy niemand werklik verbeter nie! Gebruik in stede daarvan Elohim se voorskrifte en bekragtig hulle; deur dit in ag te neem sal jy van die mense-masjiene werklike mense maak.

[7] En wanneer die mense so geword het, kan jy hulle die behoeftes van die staat voorlê, en dan sal hulle as ware mense vrywillig meer doen as wat geknelde slawe deur harde growwe wette ooit sou kon doen.

[8] Ek sê vir jou: Slegs dit wat `n mens uit vrye wil volgens sy vrye - en daardeur goeie insig wil doen, is werklik gedoen en bring op die een of ander wyse voordeel; maar elke gedwonge werk en elke gedwonge handeling is geen stater(sikkel) werd nie. Want alles wat gedwonge is, gaan altyd met toorn en wraak teen die gebieder gepaard, en dit het vanaf die ewigheid af aan geen enkele werk enige seën gegee nie.

[9] As jy, beste Cyrenius, grondig oor hierdie woorde van My sal nadink, sal dit vir jou volkome duidelik word dat Ek slegs die volle waarheid gepraat het!"

[10] **Cyrenius** sê: "Edele, goddelike Vriend, ek hoef egter nie diep daaroor na te dink nie; want U woorde is so helder en waaragtig soos die son op `n wolkelose middag, en ek sal doen wat U my aangeraai het. Die Mosaïese wet sal ek opnuut bekragtig en die volk sal weet dat ek hulle sal aanspoor om daarvolgens te handel! Edele Vriend, as U dit goedvind, sou ek met U geheime geestelike hulp die welbekende Mosaïese wet ook by die Grieke wil laat verkondig, sodat hulle dit streng in ag sal neem! Polities gesien is daar alle rede daarvoor, want dit is bekend dat daar steeds wrywing tussen die Judeërs en die Grieke is, wat veral ontstaan op grond van die verskillende gelowe in Elohim en die eweneens verskillende kennis oor Hom. Die Judeërs hou hoog en laag aan hul opvattinge vas; die Grieke daarenteen kan baie beter redeneer as die Judeërs en gee aan die trae Judeërs met hul gladde praatjies sodanige las dat hulle op duisend vrae nie één antwoord kan gee nie. Daardeur volg daar dikwels bloedige botsings tussen beide partye, wat tog sekerlik geen wenslike gevolg is van die bestaande verskille betreffende die geloof en die wet van Elohim nie?

[11] Maar as ek ook aan die Grieke die Judese wet gee om streng nagevolg te word, en soos gesê, dat dit ook

om politieke redes deur die staat bekragtig sal word, dan sal die wrywing, wat vir my altyd uiters onaangenaam is, beslis wyk. Meester en Majesteit, het ek gelyk as ek dit doen? En as ek dit doen, sê my dan eers in U ondeurgrondelike wysheid hoe ek die saak moet aanpak om die beoogde doel te bereik!"

### *Die sonde toon die mens dat hy mens is*

**28** **Ek** sê: "Vriend, jou wil is goed, maar die vlees is swak! Jou goeie voornemens sal wel binne `n eeu uitgevoer word, en daarvoor sal jy nog baie goeie en voorbereidende werk tot stand bring - maar wees in die geestelike lewensake nêrens so versigtig mee as met die Romeinse 'moet' nie; want dit skaad die mens altyd meer as wat dit hom kan baat! **Want elke 'moet' is `n oordeel** en duld geen vryheid nie, terwyl die vryheid by die suiwer goddelike lewensake tog die enigste goeie bemeste veld is waarop die saad van die lewe kan ontkiem, opgroei en uiteindelik tot `n geseënde en rype lewensvrug uitgroei!

[2] As jy `n jong voël, wat pas uit die eier gekruip het, voer om hom sterk te maak vir sy vlug, maar jy hom naas die goeie voer kortwiek om te vlieg, sê dan eers of die beste voer iets vir die voël kan doen? Die voël sal wel aan die lewe bly, maar solank jy hom kortwiek, kom daar van sy vrye vlieg niks tereg nie!

[3] Soos wat die voël nie kan vlieg sonder vlerkvere nie, so kan die gees van die mens ook nooit vry optree as sy vlerke van die vrye kennis gekortwiek word deur die dwang van `n 'moet' nie. **`n Gees wat nie vry kan optree nie, is alreeds dood,** omdat hy dit nie het wat die basis vorm vir sy lewe en wat sy lewe is nie.

[4] Jy kan die mens `n duisend voorskrifte gee hoe om te maak met sy aardse lewensfeer en hulle dwingend voorskryf; daarmee sal jy die gees van die mens baie minder skaad as wanneer jy hom één enkele gebod van Elohim dwingend hier op aarde voorskryf.

[5] **Die geestelike moet vry wees en moet self in vryheid die strafmaatreël bepaal, sowel die daarby behorende oordeel**; en dan in en uit homself die kroon op sy lewe stel.

[6] Die **vrye insig** in die goeie en ware is die lewenslig van die gees; daarmee bepaal hy vir homself aan watter voorskrifte hy wil voldoen. Hy het dan vrye wette voor hom, en dit pas by die ewige vryheid van die lewe. Die geestelike wil, wat deur die insig ontstaan, is die vrye geestelike wet, en dit is ewig noodsaaklik om volgens die vrye wil te handel en dit is die ewige strafmaatreël, deur te maak dat geen gees anders kan handel, as hy ten minste vry wil handel nie.

[7] Kyk, dit is nou die ewige, selfregulerende orde van Elohim, waar geen wetgewer egter bo Hom staan nie.

[8] Elohim se vrye wil bepaal, volgens die ewig volmaakte Kennis en Wysheid van Insig in Homself die wet, en bekragtig dit deur die eie nog altyd vrye noodsaaklikheid daarvan. Dit is die fondament van alle geskape, aardse dinge en hul voortbestaan vir sover dit noodsaaklik is vir die innerlike ontwikkeling, stabilisering en uiteindelike selfstandigmaking van die gees.

[9] Die menslike gees moet egter net so deur en deur volmaak word soos die Gees van Elohim deur en deur volmaak is, want anders is die gees geen gees nie, maar `n doodsoordeel.

[10] Om dit te kan word, moet hulle die geleentheid gebied word om hulle in die tydelike net so te kan ontwikkel soos wat die goddelike Gees deur die eeue heen Hom in Elohim Self en deur Elohim Self ontwikkel het!

[11] Kyk, Ek sou eeuelank genoeg mag gehad het om alle mense met onweerstaanbare innerlike geweld te dwing om presies `n bepaalde gegewe wet te volg, dat hulle daar geen haarbreedte vanaf sou kon afwyk nie; maar dan sou die mens ophou om mens te wees, **en sou dan aan `n dier gelyk wees soos ander diere uit die groot diereryk.** Hy sou sy werk dan natuurlik heel presies uitgevoer het, maar aan die werk self sou jy net so min verskille ontdek as aan die selbouende werk van die bye en van die tallose ander groot en kleiner diere.

[12] Sou jy dan egter met jou vrye kennis sulke diermense tot iets hoër wil oplei, dan sou jy met hulle net so min kon aanvang as wanneer jy die bye in `n skool sou wou leer hoe hulle nou eindelik hul selle op `n beter en doelmatiger manier sou moet gaan bou.

[13] Daarom moet jy die gawe van die mense om te kan sondig, nie so laag en ook nie as te misdadig aanslaan nie; want sonder die gawe om teen die gegewe wette te kon handel, sou die mens `n dier wees en geen mens nie!

[14] En Ek sê vir jou: **Die sonde bepaal dat die mens `n mens is; sonder die sonde sou hy `n dier wees!"**